# Leesgids

# *Anderkant die blou*

## Zelda Bezuidenhout

**Tafelberg, 2022**

**NAAM EN VAN: ___________________________**




Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser en leerder in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 7 of 8 Huistaal (of graad 9 Afrikaans Eerste Addisionele Taal)** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie gids is saamgestel deur **dr. Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha.**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2023. 'n Druknaam van NB Uitgewers.**

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman ***Anderkant die blou*** (Tafelberg, 2022).

## INHOUDSOPGAWE

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|


**Benaderings tot die onderrig van letterkunde……………………………… 3**
**Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat)……………… 4**
**Biografie van die skrywer…………………………………………………… 5**
**Die verhaal in ’n neutedop………………………………………………… 6-7**
**Literêre begrippe: Verteller……………………………………………….. 8**
**Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd………………………… 9-10**
**Literêre begrippe: Ruimte en Plek………………………………………… 10**
**Literêre begrippe: Intrige en temas……………………………………….. 11**
**Literêre begrippe: Botsings of konflik…………………………………… 12**
**Karakterisering……………………………………………………………… 13**
**Karaktersketse……………………………………………………………… 14-16**
**Afdeling B: Lees…………………………………………………………….. 17**
**Afdeling C: Post-lees……………………………………..……………….. 18**
**Kontekstuele vrae & opsommings (Hoofstuk 1-22)…………………….. 18-35**
**Nasienriglyne (Hoofstuk 1-22)……………………………………………. 36-45**
**Woordverklarings…………………………………………………………… 46-47**
**Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, skryftake & lees)……………….. 48-49**
**Literêre glossarium………………………………………………………… 50-52**
**Bronnelys………………………………………………………………….. 53**


Tafelberg

*“Nuwe vriende. Ou geheime. En ’n somer wat altyd onthou sal word.”*



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Senior fase, graad 7-9**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n **paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde** soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- **Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas**. Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan **leerders te wys hoe hulle huistaal** subtiel, intelligent, verbeeldingryk en **vindingryk gebruik kan word**.
- **Kreatiewe skryfwerk** moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. **Klasbesprekings** wat tot **skryfaktiwiteite** lei is baie waardevol.
- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar fokus op die **interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing** asook die ondersoek van die literêre teks.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING A: PRE-LEES

"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:27).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE ROMAN**


**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**

**Wat is 'n moontlike betekenis van die titel?**

**Watter doel dien hierdie inligting?**

**Bespreek die voorplat. Hoe sluit dit by die titel aan?**

**Wie is Zelda Bezuidenhout?**






Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

# ZELDA BEZUIDENHOUT



Tafelberg

**(Erkenning: Alet Pretorius)**

Zelda Bezuidenhout is ’n skrywer van jeugverhale, kortverhale, radiodramas, rubrieke, reklamekopie en volwasse fiksie. Haar eerste roman vir volwassenes, ***Die dekonstruksie van Retta Blom***, het in 2019 verskyn. Haar jeugverhaal ***As mens geluk kon proe*** is in 2017 as naaswenner in Lapa se jeugromankompetisie bekroon. In 2019 is sy naaswenner in RSG se radiodramakompetisie met die hoorspel *As ’n kind kom kuier* en in 2020 behaal sy en haar medeskrywer Lunéll Kruger die eerste plek in Netwerk24 se luisterdramakompetisie met *Koppelkat*. In 2021 verskyn haar roman ***Die waarde van stil bure*** en in 2022 ***Anderkant die blou***, haar jongste jeugfiksieboek wat op addisionele taalleerders gemik is. Van haar ander jeugromans sluit in ***Die 6 weke van Thomas & Ella*** (2019), ***Toe ons oneindig was*** (2020) en ***Die 3 van ons*** (2021). Sy woon op Parys in die Vrystaat.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP

**Lienke Smit** en **Desiree (Dezi) Benjamin** is beste vriende. Hulle woon in Gauteng. Tydens die Aprilvakansie gaan Lienke saam met Dezi en haar ouers **Kalkbaai** toe. Lienke is baie opgewonde aangesien haar pa as polisieman werk en nie kan bekostig om Lienke op ’n luukse vakansie te neem nie.

Een oggend tydens ontbyt, ontmoet Lienke en Dezi vir **Danroy Klaasse**. Hy werk tydens die skoolvakansie as kelner by **Die Meeu-hotel** waar sy ma, **Rochelle Klaasse**, die bestuurder is. Wanneer Lienke en Dezi later die dag see toe gaan, swem Lienke in die see en ontmoet vir **Max Vermeulen** wanneer hy haar uit die water trek nadat sy die wit vlag met die haai asook die sirene ignoreer het. Lienke is dadelik smoorverlief op Max met sy mooi, groen oë. Later stel Max hulle voor aan Danroy se tweelingsuster, **Zoë**, asook sy vriend **Ntando Makeba** wat ook daarvan hou om op sy branderplank te ry. Een oggend vroeg gaan wys Danroy vir Lienke en Dezi die Olympia Bakkery wat in die dertigerjare The Olympia Picture Palace was. Hulle bak hulle eie croissants wat hulle later by die rooi ligtoring gaan eet.

Danroy is baie goed bevriend met **Uncle Kaz** (**Kazim Abrahams**), ’n goeie vriend van sy ma. Uncle Kaz is ’n visserman met sy eie visserskuit genaamd die *Lady Madonna*. Uncle Kaz is vir Danroy soos ’n pa-figuur aangesien hy nie sy pa ken nie. Hulle het ’n tweedaagse ritueel waartydens hulle mekaar ontmoet en ’n Coke drink. Dan gesels hulle oor allerhande dinge. Uncle Kaz het ’n hond genaamd, **Prins**, vir wie hy baie lief is.

Wanneer die *Lady Madonna* tydens ’n storm omslaan, verdrink Uncle Kaz en Prins. ’n Gedeelte van sy lyk spoel op die strand uit aangesien ’n haai die res van sy liggaam opgevreet het. Danroy, Zoë en hulle ma is bitter hartseer oor Uncle Kaz se dood. Lienke-hulle help vir Danroy en Zoë om Uncle Kaz se woonstel op te pak en ontdek ’n foto van hom saam met ’n vrou wie se gesig nie duidelik sigbaar is nie. Dié vrou was die groot liefde van Uncle Kaz se lewe.

Danroy stuur vir al die vriende ’n boodskap en vra dat hulle hom en sy suster by Kalky’s moet ontmoet nadat sy ma die bruin koevert met Uncle Kaz se testament daarin gelees




Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

het. Uncle Kaz het al sy besittings aan **Rochelle Klaasse** bemaak. Hy het genoeg geld nagelaat sodat Danroy na matriek animasie kan gaan studeer en Zoë universiteit toe kan gaan. Boonop het sy ma Uncle Kaz se stasiewa, sleepwa en die *Lady Madonna* geërf.

Lienke besef dat die "Chell" wat die brief geskryf het wat sy tussen Uncle Kaz se dokumente gevind en gelees het, Rochelle is. Uncle Kaz was jare lank verlief op Danroy en Zoë se ma en wou hulle help toe hulle pa hulle in die steek gelaat het. (**Hy het sy vrou verlaat toe hy uitgevind het dat sy swanger is**.)

Wanneer dit uiteindelik tyd word om terug te keer Gauteng toe, is Lienke en Dezi baie hartseer. Dezi gaan vir Ntando mis en Lienke hoop dat sy weer volgende jaar saam met Dezi en haar ouers in Kalkbaai vakansie kan gaan hou sodat sy vir Max kan sien. Aan die einde van die verhaal het Lienke en Dezi 'n klomp nuwe vriende gemaak. Hulle het 'n heerlike vakansie gehad ten spyte van die hartseer gebeure rondom Uncle Kaz se ongeluk met die *Lady Madonna*. Lienke en Dezi besef dat baie dinge tydens hulle Aprilvakansie verander het.



**Bron: https://www.cleanpng.com/png-gulls-drawing-line-art-clip-art-seagull-clipart-fr-5595277/**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE BEGRIPPE

### ROMAN (NOVEL) - DEFINISIE

Die woord "roman" beteken letterlik "'n boek geskryf" in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is 'n **prosaverhaal waarin mense (karakters) "geplaas in 'n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge" (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as 'n beskrywing van die handelinge.

### DIE VERTELLER (PROTAGONIS)

Elke verhaal het 'n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Anderkant die blou* is die **skrywer Zelda Bezuidenhout en die verteller is 'n alomteenwoordige of alwetende derdepersoonsverteller**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

### ALOMTEENWOORDIGE DERDEPERSOONSVERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is **oral teenwoordig** op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**FOKALISASIE – WIE SIEN?**

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.

(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Anderkant die blou* se **verteltyd** strek dus oor **119 bladsye** bestaande uit **twee-en-twintig hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor **drie weke in April**.

Die verhaal word **achronologies** aangebied. Die **eerste hoofstuk begin met 'n tydsprong in die toekoms** waarna die gebeure wat tot die "twee stukke vleis" wat op die strand uitgespoel het gelei het, vertel word.

## TYDSVERLOOP

## CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

## ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP


Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Dis tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Anderkant die blou* is die verloop van tyd **achronologies**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## UITEENSETTING VAN DIE VERTELDE TYD IN DIE JEUGROMAN




Tafelberg

### RUIMTE OF PLEK

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Anderkant die blou* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die jeugroman afspeel is in **Kalkbaai** in die Wes-Kaap.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. <u>Intrige lei tot spanning</u>. (**Kyk spesifiek na hoofstuk een as voorbeeld**.) Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: vriendskap, die dood, verlies en liefde.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Anderkant die blou*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die jeugverhaal soos in dié geval waar ***Anderkant die blou*** **na die see verwys. Danroy kyk na die hawe en die berge agter die baai en sien 'n klein bootjie op die horison. Hy hoop om eendag uit te vind wat anderkant die blou lê. Met ander woorde, Danroy hoop om eendag die wêreld te kan sien <u>wat nie net tot Kalkbaai en sy ma se huis in Vishoek beperk is nie</u>. Na Uncle Kaz se dood, stel die geld wat hy vir Danroy-hulle nagelaat het hom in staat om eendag "anderkant die blou" te gaan verken. (Hy wil animasie gaan studeer.)**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

## BOTSINGS OF KONFLIK

Twee tipes botsings kan in ’n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk van een karakter na ’n ander. **Voorbeeld: Lienke vra vir Dezi waarom sy so lelik was met Danroy tydens die eerste oggend se ontbyt in Die Meeu.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Lienke wonder waarom haar pa nog nie vir haar ’n boodskap gestuur het sedert hulle in Kalkbaai gearriveer het nie. Sy is ook ongelukkig dat hy verkies om nagskofte te werk.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit. **Voorbeeld: Rudi die Rasta wat dwelms verkoop.**

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan. **Voorbeeld: ’n Haai het Uncle Kaz se lyk halfpad verorber.**





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER

**Lienke Smit is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook 'n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Anderkant die blou* sal Elmo Davids en Rudi die Rasta 'n voorbeeld van 'n newekarakter wees.**

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die roman (verhaal) van die karakter sê of dink.

### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| *KARAKTER* | *KARAKTERSKETS* |
|---|---|
| **Lienke Smit** | Sy is lank en het rooi hare wat in sy in twee bollas soos Prinses Leia dra. Haar vel is baie lig en sy brand vinnig bloedrooi in die son. Haar pa is ’n polisieman. Haar ma het verdwyn toe hulle nog in Durban gewoon het. Sy en haar pa woon alleen in ’n polisiewoonstel in Springs (Gauteng). Op laerskool het die kinders haar “Lienke die Pienke” genoem as gevolg van haar twee lang, maer pienk bene. |
| **Desiree (Dezi) Benjamin** | Sy is fyn gebou met ’n bos lang, swart krulhare wat sy met haar sonbril uit haar gesig hou. Slegs haar vriende mag haar Dezi noem. Sy is nie iemand wat spontaan iets doen nie en hou daarvan om lysies te maak. Sy hou nie daarvan dat mense aan haar raak nie. |
| **Danroy Klaasse** | Danroy is sewentien jaar oud en in graad elf. Hy het ’n pikswart kuif. Hy is lank en maer. Hy werk in die vakansie as kelner by Die Meeu. Hy kan baie goed teken en wil eendag graag animasie gaan studeer wanneer hy matriek geskryf het. Hy is baie geheg aan Uncle Kaz wat soos ’n vaderfiguur vir hom is. Zoë is sy tweelingsuster. |
| **Zoë Klaasse** | Zoë is Danroy se tweelingsuster. Sy is ’n eenkant-mens en verkies haar eie geselskap. Sy skryf graag gedigte en werk tydens die skoolvakansie in ’n boekwinkel. Sy is aangetrokke tot meisies. |
| **Rochelle Klaasse** | Rochelle is Danroy en Zoë se ma. Uncle Kaz was een van haar beste vriende. Uncle Kaz was baie lief vir haar en wou haar altyd help. Sy kon egter nie sy liefde of hulp aanvaar nie aangesien sy volgens wet nog getroud is. (Haar man het weggeloop nadat hy uitgevind het dat sy swanger is met die tweeling.) Uncle Kaz se troetelnaam vir haar was “Chell”. |
| **Kazim Abrahams (Uncle Kaz)** | Uncle Kaz is ’n visserman. Hy woon in die visserswoonstelle. Sy visserskuit se naam is *Lady Madonna*. Hy hou daarvan om te surf en gee ook lesse. Danroy beskou hom as ’n vaderfiguur en filosoof. Hy is Moslem gebore, maar het nooit gepraat oor wat hy glo nie. Hy was baie geheg aan Rochelle, Danroy en Zoë en het hulle asook sy hond, Prins, as sy familie beskou. |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Max Vermeulen** | Max Vermeulen is vriende met Danroy. Hy neem surflesse by Uncle Kaz en woon saam met sy broer en sy broer se meisie in ’n woonstel in Vishoek. Hy het groen oë en bruin hare wat plek-plek blond verbleik is deur die son. Hy woon by sy broer. Sy ouers is geskei. Sy pa woon in Kanada en sy stiefpa is “bietjie van ’n drol” (bl. 90). |
| **Ntando Makeba** | Ntando is sestien jaar oud en woon in Vishoek. Hy neem surflesse by Uncle Kaz. Hy is baie lief vir tjips (gebakte aartappelskyfies) met asyn. |
| **Glenn Abrahams** | Glenn is Dezi se pa. |
| **Fay Abrahams** | Fay is Dezi se ma. |
| **Mnr. Makeba** | Mnr. Makeba is Ntando se pa. Hy is nooit by die huis nie en beskou homself as ’n baie belangrike persoon. |
| **Mev. Makeba** | Mev. Makeba is Ntando se ma. Aangesien Ntando se broer in Zambië werk, gee sy ma al haar aandag aan Ntando. Sy bederf Ntando met duur klere, maar wil altyd weet waar hy is en wat hy doen. Sy bak lekker vetkoek. Haar man gee vir haar baie geld in plaas van sy tyd en liefde. |
| **Emily** | Emily is Max se broer se meisie. Sy studeer by ’n hotelskool en toets gereeld haar resepte uit op Max en sy vriende. |
| **Naledi** | Naledi werk by die Olympia Bakkery en wys vir Danroy-hulle hoe om halfmane (croissants) te maak. |
| **Lienke se pa** | Hy is ’n polisieman. Hy verkies om die nagskof te werk. Hy woon saam met sy dogter in ’n polisiewoonstel in Springs. |
| **Aunty Pat** | Aunty Pat werk by die Olympia Bakkery. |
| **Rudi (Die Rasta)** | Rudi (ook bekend as Rudi die Rasta) verkoop dwelms onder die treinbrug, maar hy maak ook goed uit draad wat hy verkoop. |
| **Elmo Davids** | Hy stap gereeld langs die strand en tel allerhande goed op wat uit die see spoel. Hy stoor dit in sy motorhuis. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

| | |
|---|---|
| **Oom Faeez** | Oom Faeez is Ntando Makeba se pa se besigheidsvennoot. Hy is ’n Moslem wat die Islam geloof beoefen. Hy is oorlede. |
| **Miss Nel** | Miss Nel was Max Vermeulen se klasonderwyser in graad ses. |
| **Prins** | Prins is Uncle Kaz se hond. Prins sterf saam met Uncle Kaz na die *Lady Madonna* in ’n storm omgeslaan het. |

*“’n Mens het net drie goete nodig om gelukkig te wees.”*

Tafelberg






Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES


“Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan” (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

# WENK

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir ‘tuiswerk’ te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING C: POST-LEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

**HOOFSTUK 1**

**Opsomming:**

Die jeugroman begin iewers in die nabye toekoms. (Die verhaal word dus achronologies vertel.) Elmo Davids stap op Vishoek se strand. Hy versamel allerhande items wat uit die see spoel. Hy het al vantevore vreemde items opgetel, maar dié middag is hy geskok om te sien wat uitgespoel het.

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Waarom, dink jy, het die hoofstuk nie 'n titel soos die ander hoofstukke nie?

1.2. Uit watter vertelperspektief word die verhaal vertel?

1.3. Maak 'n lys van al die items wat Elmo Davids al op die strand opgetel het.

1.4. Wat maak Elmo gereeld met die glasoog wat hy opgetel het?

1.5. In watter seisoen stap Elmo langs die strand? Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.6. Wat het op die strand gelê wat vir die res van sy lewe by hom sal spook?

1.7. Hoe sou jy gereageer het indien jy op 'n uitgespoelde liggaamsdeel op 'n strand afkom?

**HOOFSTUK 2 – DIE KELNER**

**Opsomming:**

Lienke en Dezi sit in die hotel se eetkamer en wag vir hulle ontbyt om bedien te word. Hul kelner loer onderlangs vir hulle. Dezi raak geïrriteerd omdat hulle lank wag vir hulle ontbyt. Die kelner stel homself voor as Danroy en noem dat hy gedurende die vakansie daar werk. Hy woon al sy hele lewe lank daar. Sy ma is die bestuurder by die hotel. Danroy bied aan om Lienke en Dezi rond te wys. Hulle moet egter eers 'n raaisel oplos om sodoende 'n prys te wen. Wanneer Dezi die strokie onderteken, sien hulle dat



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Danroy iets daarop geteken het. Hy is ’n goeie kunstenaar en Lienke merk op dat hy baie talentvol is. Na ontbyt gaan Lienke en Dezi Kalkbaai verken.

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Verduidelik wat Lienke bedoel met “dis die kyk wat ’n ou vir ’n meisie gee”.

2.2. Van watter provinsie kom Lienke en Dezi indien hulle 1200 kilometer gery het om in die Kaap vakansie te hou?

2.3. Wat beteken die woord “gwarra”?

2.4. Waarom is Dezi kortaf met die kelner? Verduidelik.

2.5. Wat beteken dit indien iemand sê dat hulle “saam met die hoenders opstaan”?

2.6. Waar is Die Meeu geleë?

2.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

“Lady Madonna” verwys na die sanger, Madonna.

2.8. Wat moet die meisies doen om ’n prys te wen? Verduidelik.

2.9. Wat het Danroy op die strokie geteken?

Tafelberg

**HOOFSTUK 3 – DIE MEEU**

**Opsomming:**

Dezi en Lienke stap met die trappe af na die strand. Hulle loop verby Dezi se pa en ma wat van die strand af kom. Dezi wil vir Lienke die hawe gaan wys en inkopies gaan doen. Sy koop vir haar ’n rooi-en-witgestreepte bikini wat soos Kersfees-lekkergoed lyk. Later gaan lê hulle langs die swembad by die hotel. Lienke wil graag see toe gaan aangesien sy baie jare laas by die see was. Die wind waai egter sterk en Dezi stel voor dat hulle eerder by die swembad gaan ontspan.

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Verduidelik waarom Dezi se ouers elke jaar al hoe meer sukkel om die trappe na Die Meeu uit te klim.

3.2. Wat is die “Benjamin-tradisie” waarna Dezi verwys?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

3.3. Watter items wil Dezi koop?

3.4. Verduidelik waarom Lienke vir Dezi wil leer hoe om spontaan te wees.

3.5. Wat sou Lienke tydens die vakansie doen indien sy nie saam met die Benjamins in Kalkbaai vakansie gaan hou nie?

3.6. Gee **twee redes** waarom Dezi nie Kalkbaai sou kon besoek indien dit nie vir die Benjamins se uitnodiging was nie.

3.7. Hoe lank is die April skoolvakansie?

## HOOFSTUK 4 – DIE RITUEEL

### Opsomming:

Danroy en Uncle Kaz het ’n ritueel. Hulle ontmoet elke tweede dag na werk (en skool) by die kafee om ’n Coke te drink. Hulle gesels oor allerhande onderwerpe. Uncle Kaz is wys en deel graag sy kennis en ervarings met Danroy. Uncle Kaz se hond, Prins, sit ook by hulle en Uncle Kaz voer vir hom ’n bokkom. Hulle gesels oor passies en wat verskillende mense gelukkig maak.

### Kontekstuele vrae:

Tafelberg

4.1. Waar woon Danroy en sy ma-hulle?

4.2. Is Uncle Kaz Danroy se oom? Verduidelik.

4.3. Volgens Uncle Kaz het mens net drie goete in die lewe nodig om gelukkig te wees. Maak ’n lys van die drie “goete”.

4.4. Wat sal jy as die drie belangrikste faktore beskou om gelukkig te wees? (**Bespreek in die klaskamer.**)

4.5. Verduidelik wat ’n “bokkom” (bl. 22) is.

4.6. Op bl. 24 kom die jeugroman se titel ter sprake. Wat bedoel Danroy wanneer hy sê dat hy daarna uitsien om uit te vind wat “anderkant die blou” lê? Verduidelik.

4.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Danroy woon in Kalkbaai.

4.8. Het jy enige rituele wat jy en jou vriende of familie saam doen? (**Bespreek in die klaskamer.**)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 5 – DIE VLAG**

**Opsomming:**

Lienke en Dezi stap na Muizenberg se strand om daar te gaan swem. Lienke is baie opgewonde en kan nie wag om in die see te swem nie. Die water is egter yskoud. Sy ontmoet vir Max en raak dadelik verlief op hom. Hy trek haar uit die water aangesien sy nie die wit vlag gesien of die sirene gehoor het nie. Hy verduidelik vir haar dat daar haaie in die omtrek is en dit gevaarlik is om in die see te swem. Daarom word die wit vlag met die swart haai op die strand opgestel. Sy gaan sit by Dezi op die strand. Later sien hulle vir Danroy wat saam met vriende op die strand kuier. So ontmoet Lienke en Dezi vir Zoë, Ntando en Max. Max het egter reeds vir Lienke ontmoet toe hy haar uit die water getrek het. Hulle gesels lekker en later wys Danroy vir Dezi sy sketse. Danroy en Ntando gaan na Max se broer se woonstel toe om Emily (Max se broer se meisie) se nuutste dis uit te toets. Max herinner vir Dezi dat sy in die vervolg moet kyk watter vlag op die strand is.

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Watter afleiding kan die leser maak oor die feit dat Lienke se Speedo "grys en verbleik" is?

5.2. Waar het Lienke gewoon toe haar ma nog by hulle was?

5.3. Wat gebeur by 'n strand wanneer haaie in die omgewing gewaar word?

5.4. Wat beteken dit as iemand 'n "eenkant-mens" is? Verduidelik.

5.5. Watter afleiding omtrent Zoë kan die leser maak wanneer Danroy opmerk: "Sy het nogal 'n oog vir 'n mooi meisie?"

5.6. Maak 'n volledige lys van al die sketse wat Danroy al geteken het.

5.7. Waarom sal Danroy moontlik nie by die animasie-skool kan gaan studeer nie?

5.8. Verduidelik wat 'n "proefkonyn" is. (bl. 34)

5.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Emily is 'n wonderlike sjef wat heerlike kos voorberei.

5.10. Is dit gevaarlik om in die vlakwater in die see te swem? (**Bespreek in die klaskamer.**)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 6 – DIE PIENKE

### Opsomming:

Lienke en Dezi lê in hul hotelkamer en gesels oor die dag se gebeure. Lienke vertel vir Dezi hoe die kinders haar op laerskool oor haar lang, pienk bene geterg het. Hulle bars uit van die lag. Lienke praat oor Max en hoe hy haar gered het toe die wit vlag opgesit is. Lienke hou baie van Max en Dezi terg haar daaroor. Lienke sê egter dat sy wens mense het met vlae gekom om hulle te waarsku wanneer iemand jou hart gaan breek. Ongelukkig werk dit nie soos die ligtorings in Kalkbaai se hawe nie. Lienke is nogal verras oor Dezi se skielike verandering en hoe sy heelwat vriendeliker as die vorige dag was. Dezi se glimlag is vol geheime.

### Kontekstuele vrae:

6.1. Verduidelik waarom Lienke haarself met 'n flamink vergelyk.

6.2. Waaroor gesels Lienke en Dezi?

6.3. Waarom wens Lienke dat elke mens met 'n vlag kom? (bl. 37) Verduidelik.

6.4. Wat is die doel van die twee ligtorings by die hawe se ingang?

6.5. Op watter wyse het Dezi se optrede daardie dag verander?

Tafelberg

## HOOFSTUK 7 – DIE LADY

### Opsomming:

Die volgende oggend eet Lienke en Dezi saam met Dezi se ouers ontbyt. Dezi se pa en ma stry oor watter lid van The Beatles die liedjie sing wat oor die luidsprekers speel. Skielik besef Lienke en Dezi dat die naam van die liedjie die naam van Uncle Kaz se skuit is. Hulle roep dadelik vir Danroy om vir hom te sê dat hulle die raaisel opgelos het. Uncle Kaz se boot is inderdaad na The Beatles se "Lady Madonna" vernoem. Danroy sê dat hy hulle die volgende oggend om drie-uur in die hotel se voorportaal gaan ontmoet om vir hulle 'n spesiale plek te wys. Dezi se ouers is eers bekommerd, maar Danroy se ma stel hulle gerus dat die meisies veilig sal wees. Dezi se pa waarsku die meisies om versigtig te wees. Wanneer Dezi die strokie teken, sien sy die skets van 'n brood wat Danroy daarop geteken het.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Verduidelik die ooreenkoms tussen Uncle Kaz se boot en die naam van die Beatles se liedjie.

7.2. Wie is Paul McCartney na wie Dezi se pa verwys? (**Doen ’n soektog op die internet indien jy nie weet nie.**)

7.3. Waarom is die meisies so gretig om Danroy se aandag te trek?

7.4. Verduidelik waarom oom Glenn bekommerd is dat Danroy die meisies om drie-uur die oggend in die hotel se voorportaal gaan ontmoet.

7.5. Waarteen waarsku oom Glenn vir Lienke en Dezi?

7.6. Dink jy die brood wat Danroy op die stukkie papier geteken het, is ’n leidraad? Gee ’n rede vir jou antwoord.

7.7. Wat, dink jy, is die spesiale plek wat Danroy vir Lienke en Dezi gaan wys?

## HOOFSTUK 8 – DIE PRYS

**Opsomming:**

Lienke en Dezi moes baie vroeg opstaan vir hulle verrassing. Die dorp is stil en Danroy neem hulle na die Olympia Bakkery. Dezi is aanvanklik vies omdat Danroy hulle na ’n bakkery gebring het, maar wanneer hulle die groot saal betree, verander dit na ’n opwindende ervaring. Hulle is gefassineer deur die bakkery en die heerlike atmosfeer wat daar heers. Naledi wys vir hulle hoe om halfmane te maak en hulle maak elkeen hul eie croissant. Later gaan sit hulle by die rooi ligtoring en wag vir die son om op te kom. Dit is baie mooi. Terwyl hulle na die sonsopkoms kyk, eet hulle die croissants wat hulle gemaak het. Danroy vertel hulle van die storms wat gereeld in Kalkbaai voorkom. Hy belowe om hulle Kalky’s toe te neem om na foto’s te gaan kyk en lekker vis te eet. Later gaan wys Danroy vir Lienke en Dezi die *Lady Madonna*. Wanneer Uncle Kaz opdaag, stel hy die meisies aan hom voor. Op pad terug na die hotel, loop Lienke en Dezi vir Zoë raak waar sy tydens die skoolvakansie by die boekwinkel werk. Lienke besef dat sy tydens die vakansie ’n ander sy van haar vriendin, Dezi, te siene kry.

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Verduidelik waarom die Olympia Bakkery in ’n saal met ’n hoë plafon geleë is.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.2. Waarvan word ’n halfmaan (croissant) gemaak? Indien jy nie weet nie, raadpleeg die internet en kyk watter bestanddele benodig word om ’n halfmaan te maak.

8.3. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Aunty Pat is familie van Danroy en Zoë.

8.4. Wie is “Picasso” na wie daar op bl. 49 verwys word? (**Raadpleeg die internet of besoek ’n biblioteek indien jy nie weet nie**.)

8.5. Gee ’n volledige beskrywing van die *Lady Madonna*.

8.6. Waarom is Lienke teleurgesteld (of selfs kwaad) vir haar pa? Verduidelik.

8.7. Hoekom, dink jy, stel Dezi voor dat hulle vir Max en Ntando saamnooi na Kalky’s? Verduidelik.

8.8. Wat omtrent Dezi se persoonlikheid het die afgelope paar dae verander?

8.9. Hoe weet die leser dat Dezi nie romantiese gevoelens teenoor Danroy koester nie? Haal ’n sin uit die hoofstuk aan om jou antwoord te motiveer.

**HOOFSTUK 9 – DIE VIS**

**Opsomming:**

Uncle Kaz het vir Danroy-hulle ’n vis in ’n Styrofoam-boks voor hulle voordeur gelos wat hy daardie oggend gevang het. Danroy is honger en maak vir hom ’n toebroodjie. Hy haal sy sketsboek uit en dink na oor sy gesprek met Uncle Kaz. Hy besef dat hy baie lief is vir kuns. Hy wonder ook waarom hy nie deel van ’n squad is nie. Hy besef dat Uncle Kaz vir hom ’n vriend, maar ook ’n pa-figuur is. Terwyl hy sy toebroodjie sit en eet, teken hy in sy sketsboek.

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Waarom los Danroy se ma die radio aan wanneer sy soggens die huis verlaat om werk toe te gaan?

9.2. Hoe kommunikeer Uncle Kaz met mense wanneer hy op die see is?

9.3. Lees weer **hoofstuk 1**. Wat, dink jy, gaan moontlik gebeur aangesien Uncle Kaz se tweerigting-radio op die *Lady Madonna* nie werk nie en daar later die dag stormweer gaan wees?

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

9.4. Wat is Danroy Klaasse se passie?

9.5. Is Danroy op Lienke of Dezi verlief? Gee ’n rede vir jou antwoord.

9.6. Verduidelik waarom Danroy nie vir Max en Ntando as deel van sy “squad” beskou nie.

## HOOFSTUK 10 – DIE SLEGTE NUUS

**Opsomming:**

Tannie Fay vra die meisies uit oor hulle verrassing. Hulle vertel vir haar van die lekker ervaring wat hulle gehad het. Sy nooi hulle uit om die dag saam met haar en haar man te spandeer aangesien hulle nog nie iets saam gedoen het sedert hulle in Kalkbaai gearriveer het nie. Hulle besoek allerlei plekke en die dag is vol opwinding en interessante ervarings. Op pad terug na die hotel, stop hulle motor by ’n verkeerslig. Lienke sien iets onder die treinbrug wat haar baie ontstel. Dezi ontvang ’n boodskap op haar selfoon. Hulle wonder wat die slegte nuus is wat Danroy-hulle ontvang het.

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Waarna, dink jy, verwys die titel van die hoofstuk?

10.2. Waarom wil Lienke haar bed self opmaak? Verduidelik.

10.3. Maak ’n lys van al die aktiwiteite wat hulle daardie dag gedoen het en die plekke wat hulle besoek het.

10.4. Wat sien Lienke wanneer die motor by die verkeerslig stop?

10.5. Verduidelik waarom Lienke naar voel nadat sy vir Max onder die treinbrug gesien het.

10.6. Maak ’n voorspelling wat die slegte nuus is wat Danroy met Lienke en Dezi wil deel.

## HOOFSTUK 11 – DIE SIN SONDER ’N PUNT

**Opsomming:**

Tydens ontbyt is Lienke en Dezi bewus van Danroy se afwesigheid. Dit is nie dieselfde sonder hom as hul kelner nie. Dezi ontvang ’n boodskap van Danroy wat sê dat hulle hom om 11:00 by die rooi ligtoring moet ontmoet. Wanneer Lienke en Dezi daar opdaag, is Zoë, Max en Ntando ook daar. Almal lyk hartseer. Danroy vertel vir hulle



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

die slegte nuus. Almal is geskok oor Uncle Kaz se dood. Dezi vra uit omtrent Uncle Kaz en of hulle vir hom ’n begrafnis gaan hou om afskeid te neem. Danroy verduidelik dat Uncle Kaz volgens die Moslem-tradisie reeds begrawe is. Hy noem ook dat slegs ’n deel van Uncle Kaz se lyk op die strand uitgespoel het. Prins se lyk is by die DBV waar hy veras gaan word. Lienke besluit dat hulle Prins se as moet kry.

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Verduidelik waarom almal strak lyk wanneer Lienke en Dezi by die rooi ligtoring opdaag.

11.2. Waarom kan Lienke nie vir Max in die oë kyk nie? Verduidelik.

11.3. Hoe het Uncle Kaz en Prins gesterf?

11.4. Hoekom gaan daar nie ’n begrafnisdiens vir Uncle Kaz gehou word nie? Verduidelik.

11.5. Verduidelik waarom slegs ’n gedeelte van Uncle Kaz se lyk op die strand uitgespoel het.

11.6. Hoe was dit moontlik dat Prins se lyk saam met Uncle Kaz s’n op die strand uitgespoel het? Verduidelik.

11.7. Wat is ’n verassing?

Tafelberg

11.8. Waarvoor staan die akroniem DBV (**SPCA – bl. 68**)?

11.9. Hoe het die *Lady Madonna* weer terug in die hawe gekom?

**HOOFSTUK 12 – DIE GEHEIM**

**Opsomming:**

Dezi se pa kan nie verstaan waarom hulle so ontsteld is oor Uncle Kaz se dood nie. Dezi sê dat sy haar eie sakgeld sal gebruik om Prins se as by die DBV te kan kry. Haar pa neem hulle na die DBV en hulle ontvang ’n klein, blou boksie waarin Prins se as is. Vir die eerste keer in ’n lang ruk besluit Dezi dat sy weer ’n lysie wil maak van alles wat hulle moet doen. Hulle wil ’n spesiale seremonie hou waartydens hulle Prins se as kan strooi. Lienke vra later vir Dezi wat sy van Max dink. Lienke is bekommerd dat Max dwelms koop of verkoop nadat sy hom onder die treinbrug gesien het. Dezi erken dat sy op Ntando verlief is.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Indien jy Dezi was, sou jy ook jou sakgeld gebruik het om vir Prins se verassing te betaal? Gee ’n rede vir jou antwoord.

12.2. Stem jy saam met die verteller dat ’n hond ’n mens “se beste vriend” kan wees? **Bespreek in die klaskamer**.

12.3. Wat het die vrou by die DBV vir hulle gegee wat hulle vir Danroy wil gee?

12.4. Wat het Dezi alles op haar lysie neergeskryf?

12.5. Waarom vermoed Lienke dat Max dalk dwelmmiddels gebruik?

12.6. Op wie is Dezi verlief?

12.7. Hoe het Lienke geweet dat daar moontlik romantiese gevoelens tussen Dezi en Ntando is? Verduidelik.

## HOOFSTUK 13 – DIE BESTE PLEK

**Opsomming:**

Zoë vertel vir Lienke en Dezi van die parkie agter die winkels in Kalkbaai se hoofstraat. Hulle besluit dat dit die plek is waar hulle Prins se as gaan strooi. Terwyl hulle by die parkie is, strooi elkeen ’n hopie as met die eetlepel onder die vyeboom. Hulle groet Prins en gaan ry op die rondomtalie. Danroy gaan sit egter eenkant en teken. Die tieners dink na oor die dood en veral oor Uncle Kaz en Prins. Zoë sê vir hulle dat haar ma Uncle Kaz se woonstel moet oppak aangesien die landlord ’n nuwe huurder daar wil insit. Lienke-hulle bied aan om Danroy en Zoë te help aangesien hulle ma by die hotel werk en sy nie genoeg tyd gaan hê om alles by die woonstel op te pak en skoon te maak nie.

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Waar gaan Prins se as gestrooi word?

13.2. Waarom het hulle besluit om sy as juis op die spesifieke plek te strooi?

13.3. Waaroor gesels die groep vriende terwyl hulle op die rondomtalie ry?

13.4. Wat doen Danroy terwyl hulle op die rondomtalie ry?

13.5. Waarmee gaan Lienke, Dezi, Max en Ntando vir Danroy en Zoë help?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

13.6. Hoe, dink jy, kan ’n mens iemand troos wat ’n geliefde aan die dood afgestaan het? **Bespreek in die klaskamer**.

## HOOFSTUK 14 – DIE ANDER LADY

### Opsomming:

Al die vriende ontmoet by Uncle Kaz se woonstel. Tannie Rochelle bring skoonmaakmiddels en sê wat hulle alles moet doen. Sy vra ook dat hulle vir enige dokumentasie moet kyk, maar spesifiek vir iets wat soos ’n testament lyk. Dezi maak ’n lysie met al tannie Rochelle se instruksies. Ntando skakel die radio aan terwyl hulle begin werk. Lienke tel die geraamde foto langs Uncle Kaz se bed op en Zoë noem dat niemand weet wie die vrou is wat saam met Uncle Kaz op die foto verskyn nie. Max het winkel toe gegaan om koedrank te koop wat hulle drink nadat hulle al die take voltooi het. Danroy wys vir hulle die leertassie met al Uncle Kaz se dokumentasie daarin. Dezi vra vir Danroy of sy die foto uit die raam mag haal. Agterop die foto is twee woorde en ’n datum geskryf. Almal wonder of die *Lady Madonna* eintlik na die vrou wat op die foto verskyn vernoem is.

### Kontekstuele vrae:

14.1. Wat beteken Ntando se gebaar wanneer hy sy hand op sy hart sit?

14.2. Wat beteken dit indien iemand “intestaat” (bl. 78) sterf? Verduidelik. (**Raadpleeg die internet of ’n woordeboek indien jy nie weet wat die antwoord is nie**.)

14.3. Watter take moet hulle in die woonstel doen?

14.4. Wie is in die foto in die raam langs Uncle Kaz se bed?

14.5. Wat dink Lienke is Max se “heel grootste geheim”? (bl. 79)

14.6. Waarom het Zoë die gestreepte trui uit die kleresak gehaal? Verduidelik.

14.7. Wat is in die dun leertassie wat Danroy op die kombuistafel neersit?

14.8. Wat het Max by die winkel gaan koop?

14.9. Wat is agterop die foto geskryf?

14.10. Wat vind die leser uit omtrent die *Lady Madonna* se naam?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 15 – DIE BRIEF**

**Opsomming:**

Danroy se ma bel om te hoor of hulle al Uncle Kaz se testament opgespoor het. Hulle elkeen sit met ’n hopie dokumente en kyk daardeur. Lienke kom af op ’n briefie wat sy lees sonder dat die ander daarvan weet. Sy lees ook die woorde van Paul McCartney (The Beatles) se “Lady Madonna” en kyk na die foto van Uncle Kaz voor sy splinternuwe visserskuit. Sy wonder hoekom hierdie liedjie so belangrik was vir Uncle Kaz. Later daag Danroy se ma op en sy is beïndruk met alles wat hulle gedoen het. Lienke gee vir haar die pakkie dokumente met ’n bruin koevert wat onder die Beatles-lirieke lê. Hulle het steeds nie die testament gevind nie.

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Waarna soek almal tussen die hopies dokumente wat in die leertassie was?

15.2. Watter belangrike inligting staan in die briefie wat Lienke skelm lees?

15.3. Watter Afrikaanse digter het ’n gedig geskryf waarin daar na “’n dice wat verkeerd geval het” verwys word? (**Wenk**: Die gedig het in die bundel *Kitaar my kruis* verskyn.)

15.4. Na wie, dink jy, verwys die “Lady Madonna” en die “children at your feet” wat op die A4-vel papier geskryf is?

15.5. Waarin het Uncle Kaz se testament moontlik gelê?

15.6. Soek die lirieke van “Lady Madonna” op die internet. Wat is die betekenis van die woorde wat Paul McCartney geskryf het? (Doen navorsing indien jy nie weet wat die antwoord is nie.)

**HOOFSTUK 16 – DIE FEITE**

**Opsomming:**

Max en Ntando stap saam met Lienke en Dezi na hulle hotel toe. Ntando terg vir Dezi deur haar sonbril van haar kop af tot op haar neus te stoot. Daar is steeds ’n ongemak tussen Lienke en Max alhoewel sy haarself nie kan keer om onderlangs na sy aantreklike voorkoms te kyk nie. Max vra haar of alles oukei is, maar sy antwoord hom kortaf. Hulle gesels oor familie en oor Uncle Kaz wat niemand gehad het nie. Ntando vertel sy vriende van sy verhouding met sy ma en pa. Sy ma hou hom fyn dop en wil



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

altyd weet waar hy is. Sy koop vir hom duur klere en surf-goed omdat sy niemand anders het om al haar aandag en geld voor te gee nie. Eintlik smag sy net na liefde wat haar man nie vir haar gee nie. Max vertel van sy gesin en sy pa wat in Kanada woon. Hy bly by sy broer aangesien hy nie met sy stiefpa oor die weg kom nie. By die hotel groet almal mekaar. Ntando noem dat Danroy gesê het dat hulle een of ander tyd Kalky's toe moet gaan.

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Waarom is Lienke stil en afsydig teenoor Max?

16.2. Skryf 'n kort paragraaf waarin jy Ntando se gesin en hulle verhoudings met mekaar bespreek.

16.3. Waarom woon Max nie by die sy pa en ma nie?

16.4. Verduidelik waarom Max nie omgee dat Ntando se ma hom so bederf met klere en surf-goed nie.

16.5. Wat wil Danroy vir Lienke en Dezi by Kalky's gaan wys?

16.6. Hoe sou jy teenoor Max opgetree het indien jy Lienke was? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Tafelberg

**HOOFSTUK 17 – DIE VERMOEDE**

**Opsomming:**

Lienke en Dezi is in hulle hotelkamer. Tannie Fay bestel vir hulle kos. Lienke sê egter dat sy nie honger is nie. Lienke voel dat almal wat jy liefhet jou altyd los, sterf of weggaan. Sy is kwaad oor haar ma wat hulle verlaat het en haar pa wat haar nog nie gekontak het sedert hulle in Kalkbaai aangekom het nie. Lienke vra vir Dezi of sy weet waar Danroy en Zoë se pa is. Dezi vertel vir Lienke wat Ntando haar oor die tweeling se pa vertel het. Hulle gesels oor hul liefde en Dezi vra vir Lienke of sy van Max hou. Sy vertel vir Dezi van haar vermoede oor Max en sy ontmoeting met die Rasta-man onder die treinbrug. Later daardie aand nadat hulle pizza geëet het, sien Lienke dat daar 'n boodskap van haar pa af op haar foon is. Sy voel baie verlig en hou die foon teen haar hart.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Verduidelik waarom Lienke hartseer voel.

17.2. Waarom praat Danroy en Zoë nooit oor hulle pa nie?

17.3. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Danroy se pa en ma is geskei.

17.4. Wat moet Dezi vir Max uitvind?

17.5. Waarom voel Lienke later daardie aand baie beter? Verduidelik.

**HOOFSTUK 18 – DIE GETYPOEL**

**Opsomming:**

Danroy bedien ontbyt en die meisies kan sien dat hy nog baie hartseer is oor Uncle Kaz se dood. Lienke dink aan die briefie wat sy tussen Uncle Kaz se papiere ontdek het en wonder wie "Chell" is en wat die storie oor "Lady Madonna" se lirieke is. Dezi herinner vir Danroy dat hy nog vir hulle die foto's van die branders moet gaan wys. Lienke en Dezi besluit om by St. James se getypoel te gaan swem. Lienke noem aan Dezi dat sy anders is vandat sy Ntando ontmoet het. Dezi sê vir Lienke wat sy dink liefde is. Later sien Lienke vir Zoë op die strand. Dezi kry 'n boodskap van Danroy wat sê dat hulle hom later die middag by Kalky's moet ontmoet.

*"Liefde is as iemand jou raaksien."*

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Waarom is tannie Rochelle nog nie terug by die werk nie?

18.2. Waaroor sit Lienke en wonder?

18.3. Waar gaan Lienke en Dezi gaan swem?

18.4. Verduidelik waarom dit minder gevaarlik is om dáár (**18.3.**) te swem.

18.5. Lees bl. 98 en 99. Op watter wyse het Lienke en Dezi tydens die vakansie verander (dus karakterontwikkeling ondergaan)?

18.6. Wie sien Lienke op die strand?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

18.7. Wat bedoel Lienke wanneer sy opmerk: "Ek dink die meisie is haar getypoel"? (bl. 100) Verduidelik.

18.8. Waarheen gaan die meisies om 15:00 die middag?

## HOOFSTUK 19 – DIE TESTAMENT

**Opsomming:**

Danroy nooi almal uit om hom en Zoë by Kalky's te ontmoet. Terwyl hulle vir Danroy wag, wys Max vir Lienke en Dezi die foto's van die groot branders wat al teen die hawemuur geslaan het. Dezi kan amper nie glo dat die foto's eg is nie. Hulle plaas hulle bestelling en gaan terug na die tafel. Wanneer Danroy opdaag, vertel hy vir hulle van Uncle Kaz se testament wat sy ma gevind het en wat daarin staan. Danroy wys ook vir hulle die skets wat hy van die *Lady Madonna* gemaak het en dat hy besluit het om die skuit te herstel. Toe hulle later opstaan, fluister Max vir Lienke dat hy iets in haar strandsak gesit het waarna sy later moet kyk. Die voorwerp is in 'n blou lap toegedraai en Lienke wonder wanneer hy dit in haar strandsak gesit het.

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Verduidelik wat 'n testament is.

19.2. Waar was Danroy en wat het hy gedoen voor hy by die groep aangesluit het?

19.3. Wat staan in Uncle Kaz se testament?

19.4. Hoe gaan Uncle Kaz se testament Danroy, Zoë en hulle ma se toekoms beïnvloed? Verduidelik.

19.5. Hoe het Uncle Kaz daarin geslaag om soveel geld te spaar en aan Danroy-hulle na te laat?

19.6. Wat beteken Ntando se naam in isiXhosa?

19.7. Wat gaan met die *Lady Madonna* gebeur?

19.8. Wat sê Max vir Lienke wanneer hulle klaar geëet en gekuier het?

19.9. Hoe sal jy voel indien 'n familielid vir jou baie geld nalaat en wat sal jy daarmee doen?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 20 – DIE DERTIGSTE TRAP

**Opsomming:**

Terug in die hotelkamer kan Dezi nie uitgepraat raak oor Uncle Kaz se testament en die feit dat hy alles vir Danroy-hulle nagelaat het nie. Sy is bly dat dit Danroy in staat sal stel om na skool verder te gaan leer. Lienke maak later die pakkie oop wat Max vir haar gegee het. Sy lees die briefie en besluit dat sy Max op die trappe sal ontmoet. Sy wonder steeds of hy dwelms gebruik. Lienke ontmoet vir Max op die dertigste trappie. Max sê dat hy baie van Lienke hou. Hy vertel vir haar van die geskenk wat hy by Rudi die Rasta gekoop het. Skielik maak alles vir haar sin. Lienke is baie bly en sy en Max soen mekaar. Hulle is smoorverlief.

**Kontekstuele vrae:**

20.1. Waaraan dink Lienke terwyl Dezi babbel oor Danroy-hulle se geluk met Uncle Kaz se geld wat hy vir hulle nagelaat het?

20.2. Wat sê die woorde wat van draad gemaak is omtrent Max se gevoelens vir Lienke?

20.3. Verduidelik waarom Lienke juis vir Max op die dertigste trappie moes ontmoet.

20.4. Watter bewys is daar dat Max nie dwelms by Rudie die Rasta gekoop het nie?

20.5. Dink jy dit was 'n romantiese gebaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.

*"Sexy Like a Pepsi"*

## HOOFSTUK 21 – DIE LAASTE ONTBYT

**Opsomming:**

Dezi kan nie glo dat hulle die volgende dag huis toe moet gaan nie. Hulle sien nie daarna uit om weer in hulle ou roetine te verval nie. Boonop gaan Lienke en Dezi hulle nuwe vriende mis. Daardie aand gaan almal vir oulaas saam kuier deur vis op die *Lady Madonna* te eet. Tannie Rochelle bedank Lienke en Dezi vir hulle hulp om Uncle Kaz se woonstel op te pak en noem dat sy vir hulle padkos by ontvangs sal los wanneer hulle die volgende oggend terug Johannesburg toe ry. Lienke sien toevallig tannie Rochelle se naam wat aan haar bloes vasgespeld is en besef dat daar 'n



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

verband tussen “Rochelle” en “Chell” bestaan. Sy besluit om die geheim nie met ander te deel nie.

**Kontekstuele vrae:**

21.1. Waaroor is Dezi hartseer wanneer hulle ontbyt eet?

21.2. Hoekom sal Dezi volgens Lienke weer vir Ntando sien?

21.3. Haal ’n sin op bl. 111 aan wat aandui dat Lienke se pa nie veel geld verdien nie.

21.4. Wat gaan die groep vriende daardie aand doen?

21.5. Wat gaan tannie Rochelle vir hulle by ontvangs los?

21.6. Watter afleiding maak Lienke wanneer sy Danroy se ma se naam wat aan haar bloes vasgesteek is, lees?

21.7. Wat is die “geheim” waarna die titel van die hoofstuk verwys?

21.8. Waarom, dink jy, gaan Lienke nie die geheim met Danroy en Zoë deel nie?

**HOOFSTUK 22 – DIE SQUAD**

**Opsomming:**

Die groep vriende kom almal op die *Lady Madonna* bymekaar. Hulle eet vis en skyfies en gesels al te lekker. Danroy het uiteindelik deel van ’n squad geword. Hy beskou hul vriendskap as ’n hegte groep vriende wat mekaar altyd sal ondersteun. Ntando pleit by Dezi om nog ’n ekstra paar dae te bly, maar ongelukkig moet hulle terug huis toe gaan. Later besluit Dezi om ’n lysie te maak van alles wat hulle die volgende Aprilvakansie gaan doen. Danroy noem aan sy vriende dat ’n mens net drie goete nodig het om gelukkig te wees – net soos Uncle Kaz dit vir hom geleer het. Uncle Kaz was ’n wyse man wat die groep tieners bymekaar gebring het. ’n Hegte vriendskap is tussen hulle gesmee.

**Kontekstuele vrae:**

22.1. Wat doen die groep vriende daardie dag voor Lienke en Dezi terugkeer huis toe?

22.2. Verduidelik waarom die hoofstuk se titel “die squad” is.

22.3. Dink jy dit is belangrik vir tieners om vriende te hê? (**Bespreek in die klaskamer.**)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

22.4. Verkies jy om een goeie vriend of vriendin te hê of ’n groot groep vriende te hê? Gee ’n rede vir jou antwoord.

22.5. Wat is die geheim wat Lienke moet bewaar?

22.6. Wat wil Dezi in haar notaboekie skryf?

22.7. Dink jy dit is realisties dat Max en Lienke en Dezi en Ntando se onderskeie liefdesverhoudings behoue gaan bly? Gee ’n rede vir jou antwoord.

22.8. Wie is jou gunsteling karakter in die jeugroman? (**Bespreek in die klaskamer.**)

* * *



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## NASIENRIGLYNE: KONTEKSTUELE VRAE

### HOOFSTUK 1

1.1. **Leerder se eie antwoord**. (Die jeugroman word ingelei met ’n skokkende gebeurtenis om sodoende die leser se belangstelling te prikkel. Die gebrek aan ’n titel hou daarmee verband dat die skrywer nie enige geheime of deel van die intrige wil verklap nie.)

1.2. <u>Alomteenwoordige</u> derdepersoonsperspektief / derdepersoonsverteller

1.3. Ou bottels, skerwe glas, pette, balle, skoene, valstande, brille, glasoog

1.4. Hy maak sy suster se kinders daarmee bang.

1.5. Herfs (Die verteller noem dat dit **April** is.)

1.6. Twee stukke vleis wat aan mekaar gebind was met ’n soort tou het op die strand uitgespoel.

1.7. **Leerder se eie antwoord**.

### HOOFSTUK 2

2.1. Met hierdie woorde bedoel Lienke dat dit die kyk is wat ’n ou vir ’n meisie gee wanneer hy van haar hou (romanties) of wanneer hy haar aantreklik vind.

Tafelberg

2.2. Gauteng

2.3. **Terg** (Die woord is Kaapse Afrikaans.) Jy terg of dryf die spot met iemand wanneer jy hom of haar “gwarra”.

2.4. Dezi dink dat elke ou ’n plan het met haar en tot haar aangetrokke is. Volgens haar is hy die tipe ou wat by ’n hotel werk om meisies op te chat.

2.5. Hulle staan vroeg in die oggend op.

2.6. In Kalkbaai. (Wes-Kaap)

2.7. **Onwaar**

2.8. Die meisies moet raai na wie Uncle Kaz sy boot vernoem het.

2.9. Hy het ’n prentjie van Dezi se sonbril geteken.

### HOOFSTUK 3

3.1. Haar ouers word elke jaar ouer.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

3.2. Hulle gaan elke Aprilvakansie Kalkbaai toe om daar vakansie te hou.

3.3. Dezi wil vir haar ’n nuwe bikini en sonhoed koop.

3.4. Dezi maak altyd lysies van wat sy moet doen en daarom wil Lienke haar leer om veral tydens die vakansie rustiger te wees en meer ontspanne te leef.

3.5. Sy sou drie weke lank in haar pa se vaal polisiewoonstel in Springs gesit het.

3.6. Dezi se pa moet nagskofte werk en is nie met vakansie nie. Dezi se pa is ’n enkelouer en verdien nie ’n groot salaris nie. Hy kan nie bekostig dat hulle vakansies weggaan van die huis nie.

3.7. Drie weke

**HOOFSTUK 4**

4.1. Hulle woon in Vishoek.

4.2. Nee, Uncle Kaz is ’n vriend van sy ma en vir Danroy is hy ’n tipe pa-figuur.

4.3. Jy moet iemand hê om lief te hê, iets om jou hande mee besig te hou (werk) en jy moet iets hê om na uit te sien.

4.4. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

4.5. ’n Bokkom is ’n gesoute, droeë vis. (Word ook visbiltong genoem.)

Tafelberg

4.6. Danroy droom van ’n wêreld wat verder as bloot sy ma se huis strek. Hy wil die die wêreld verken en die lewe geniet. (**Enige soortgelyke antwoord**.)

4.7. **Onwaar**

4.8. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

**HOOFSTUK 5**

5.1. Lienke is arm. Haar pa het nie baie geld nie en sy kan dus nie ’n nuwe kostuum koop nie. (**Enige soortgelyke antwoord**.)

5.2. Durban (KwaZulu-Natal)

5.3. Die sirene loei en ’n wit vlag met ’n swart haai daarop word op die strand aangebring.

5.4. Die persoon is ’n introvert of verkies bloot sy of haar eie geselskap. (**Enige soortgelyke antwoord**.)

5.5. Zoë is aangetrokke tot meisies. (Sy is gay of lesbies.)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

5.6. Muizenberg se treinstasie, ’n boot in die hawe, die aantrekhokkies op die strand, ’n jong vrou wat in die see staan met ’n baba op haar heup, baie meeue asook ’n skets van Dezi.

5.7. Sy ma kan nie bekostig om vir sy studies te betaal nie.

5.8. ’n Proefkonyn verwys na iemand wat iets toets byvoorbeeld om te proe hoe iets smaak. / Iemand op wie iets uitgetoets word. (**Enige soortgelyke antwoord**.)

5.9. **Onwaar**

5.10. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

## HOOFSTUK 6

6.1. Haar bene is lank en pienk soos die van ’n flamink.

6.2. Lienke en Dezi gesels oor die ou wat Lienke ontmoet het (Max Vermeulen).

6.3. Lienke wil weet of die persoon haar emosioneel seer gaan maak. (Dus ’n rooi vlag as simboliese gevaarteken of ’n groen vlag om aan te dui dat die persoon haar nie emosioneel sal skaad nie.)

6.4. Dit help bote in die nag om die hawe se ingang te kry.

6.5. Dezi het meer spontaan en vriendeliker teenoor ander mense geword.

Tafelberg

## HOOFSTUK 7

7.1. Beide verwys na “Lady Madonna”. Dit is die naam van Uncle Kaz se visserskuit, maar ook die naam van ’n liedjie wat The Beatles gesing het.

7.2. Hy is ’n lid van die sanggroep/popgroep, The Beatles.

7.3. Hulle wil vir hom die antwoord op sy raaisel gee sodat hulle die prys kan wen wat hy hulle beloof het.

7.4. Hy is bekommerd omdat dit nog nag en donker is en die meisies moontlik in gevaar kan verkeer.

7.5. Hy waarsku hulle om nie naby die treinbrug te gaan nie aangesien hy gesien het hoe iemand (Rasta-ou) dwelms daar onder die brug verkoop.

7.6. **Leerder se eie antwoord**.

7.7. **Leerder se eie antwoord**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 8

8.1. Die Olympia Bakkery was eens The Olympia Picture Palace waar films vertoon is. (Dus soortgelyk aan 'n hedendaagse bioskoop.)

8.2. deeg, gis en botter

8.3. **Onwaar**

8.4. Picasso verwys na die skilder Pablo Picasso.

8.5. Die boot (skuit) is groen en wit geverf. Bo-op (die dek) lê 'n bondel visnette en 'n kreefkas. Daar is 'n klein kajuit van glas in die middel van die boot.

8.6. Haar pa het haar nog nie gekontak sedert sy in Kalkbaai aangekom het nie. Sy is ook kwaad omdat haar pa nagskofte werk en selde tuis is.

8.7. **Leerder se eie antwoord**.

8.8. Dezi het meer spontaan geraak en maak minder lysies.

8.9. **Leerder se eie antwoord**.
"Nie my soort nie, maar oulik." (bl. 56)

Tafelberg

## HOOFSTUK 9

9.1. Sy los die radio aan sodat inbrekers sal dink daar is iemand by die huis.

9.2. Hy gebruik 'n tweerigting-radio.

9.3. **Leerder se eie antwoord**. (Dit is Uncle Kaz en sy hond, Prins, se lyke wat op die strand uitgespoel het.

9.4. Kuns is sy passie.

9.5. Hy is nie op een van die twee verlief nie. Hy wil alleen wees met sy eerste liefde naamlik kuns.

9.6. Hulle is nie sy beste vriende nie. Hy het hulle bloot ontmoet omdat Uncle Kaz vir hulle surf-lesse gee.

## HOOFSTUK 10

10.1. **Leerder se eie antwoord**.

10.2. Sy is gewoond daaraan om dit self te doen.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

10.3. Hulle het na die pikkewyne naby Simonstad (Boulders-strand) gaan kyk.
Hulle het om Kaappunt gery.
Hulle het by Houtbaai gaan vis eet.
Hulle het ’n lang ent deur die fynbos gestap.

10.4. Sy sien die Rasta-ou waarna oom Glenn verwys het.

10.5. Sy vermoed dat Max dalk dwelmmiddels by die Rasta-ou gekoop het. (Hy misbruik dus dwelmmiddels.)

10.6. **Leerder se eie antwoord**. (Iets het met Uncle Kaz gebeur.)

**HOOFSTUK 11**

11.1. Uncle Kaz het verdrink en sy lyk asook die van sy hond, Prins, het op die strand uitgespoel.

11.2. Lienke vermoed dat Max dwelmmiddels gebruik en kan dus nie vir Max in die oë kyk nie omdat sy dink hy vir haar jok of voorgee wat hy nie is nie.

11.3. Die boot het tydens die storm omgeslaan. Uncle Kaz het verdrink en ’n haai het sy onderlyf opgeëet.

11.4. Uncle Kaz is Moslem gebore en weens sy geloof moet hy so gou as moontlik na sy afsterwe begrawe word. Hy is dus reeds begrawe.

11.5. ’n Haai of haaie het sy onderlyf opgeëet.

11.6. Uncle Kaz het Prins aan sy leiband vasgemaak en die leiband aan sy arm vasgemaak sodat die hond nie van die boot af kon val tydens die storm nie.

11.7. Die lyk word teen ’n hoë temperatuur in ’n spesiale oond verbrand totdat slegs die as oorbly.

11.8. Dierebeskermingsvereniging

11.9. Die Valsbaaise kuswag het die boot tot in die hawe gesleep.

**HOOFSTUK 12**

12.1. **Leerder se eie antwoord**. Gee ook ’n rede vir die antwoord (Ja of Nee).

12.2. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

12.3. Sy het Prins se halsband vir hulle gegee.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

12.4. Om uit te vind waar Danroy Prins se as wil strooi, ’n dag kies waarop almal beskikbaar gaan wees, almal se selfoonnommers by Danroy kry, ’n WhatsApp-groep skep en op ’n datum besluit waarop hulle Prins se as gaan strooi. (’n Skepding vir die as.) [**Word eers in hoofstuk 13 genoem**.]

12.5. Sy het hom onder die treinbrug by die Rasta-ou gesien.

12.6. Dezi is verlief op Ntando.

12.7. Lienke het gesien hoe Ntando aan Dezi se hand gevat het. Sy weet dat Dezi nie daarvan hou as mense aan haar vat nie. Sy van mening dat daar iets spesiaal tussen Dezi en Ntando is.

**HOOFSTUK 13**

13.1. Prins se as gaan onder die vyeboom by die bankie in die parkie agter die winkels gestrooi word.

13.2. Uncle Kaz het altyd met Prins daarheen geloop sodat Prins met die ander honde kon speel en hy sy entjie kon rook.

13.3. Hulle gesels oor die dood.

13.4. Hy sit eenkant en teken in sy sketsboek.

13.5. Hulle gaan hulle help om Uncle Kaz se woonstel op te pak en skoon te maak.

13.6. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

Tafelberg

**HOOFSTUK 14**

14.1. Dit beteken “ek voel vir jou” of ek gee om en ek verstaan die pyn waardeur jy gaan.

14.2. Die persoon sterf <u>sonder</u> ’n geldige testament.

14.3. Hulle moet uitkyk vir enige dokumente (testament). Hulle moet die beddegoed, tafeldoek en gordyne afhaal. Al Uncle Kaz se klere moet in sakke gepak word. Hulle moet die vloere, die stort en al die plat vlakke was. Hulle moet alles uit die yskas haal en die yskas skoonmaak. Alles daarin moet saam met die kos in die koskas in ’n krat gepak word. (Die hondekos ook.) Al sy naby-goed moet in ’n aparte krat gepak word.

14.4. Uncle Kaz en ’n jong vrou wie se gesig deur die skaduwee van ’n sonhoed weggesteek word.

14.5. Dat hy dwelmmiddels gebruik. / Hy is verslaaf aan dwelmmiddels.

14.6. Dit was altyd sy gunsteling trui van die truie wat Uncle Kaz gedra het.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

14.7. Al Uncle Kaz se dokumentasie is daarin.

14.8. Koeldrank. (Coke)

14.9. *Lady Madonna*. 2002.

14.10. Die naam verwys moontlik na Uncle Kaz se groot liefde van sy lewe. Sy visserskuit is na dié vrou vernoem.

**HOOFSTUK 15**

15.1. Hulle is op soek na Uncle Kaz se testament.

15.2. Uncle Kaz was verlief op ’n vrou genaamd “Chell”. Sy was egter getroud en wou nie sy hulp aanvaar nadat haar man haar verlaat het nie.

15.3. Adam Small

15.4. **Leerder se eie antwoord**.

15.5. Die bruin koevert onder die briefie en A4-vel papier.

15.6. Die lirieke is ’n <u>huldiging aan alle vroue</u>.

Tafelberg

**HOOFSTUK 16**

16.1. Sy is kwaad, teleurgesteld en agterdogtig. Sy vertrou hom nie. Sy wonder of hy werklik is wie hy sê hy is.

16.2. Ntando Makeba se pa is ’n belangrike man wat nooit by die huis is nie. Sy broer werk in Zambië en hy bly by sy ma. Sy ma is alleen en smag na haar man se liefde, maar hy gee net vir haar baie geld. Sy is oorbeskermend teenoor Ntando en hou hom gedurig dop. Sy bederf hom met duur klere en surf-goed omdat sy niemand anders het waaroor sy bekommerd hoef te wees nie.

16.3. Sy pa woon in Kanada en hy kom nie oor die weg met sy stiefpa nie. Hy bly dus by sy broer en die se meisie.

16.4. Max vat baie van die klere en goed wat Ntando nie wil hê of nodig het nie vir homself.

16.5. Die foto’s van die branders wat teen die hawemuur slaan.

16.6. **Leerder se eie antwoord**. (Die leerder moet ’n rede verskaf.)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 17**

17.1. Lienke voel sommer hartseer oor die lewe, haar pa wat haar nie kontak nie, haar ma wat weggeloop het en Max wat dalk dwelmmiddels misbruik.

17.2. Hulle pa was nog nooit deel van hulle lewe nie. Hy het hulle ma gelos toe hy gehoor het dat sy swanger is.

17.3. **Onwaar (NB: Sien briefie op bl. 85.)**

17.4. Dezi moet uitvind of Lienke van hom hou.

17.5. Haar pa het uiteindelik vir haar 'n boodskap gestuur.

**HOOFSTUK 18**

18.1. Sy is nog besig om Uncle Kaz se papiere uit te sorteer.

18.2. Lienke wonder of die vrou op die foto nie Danroy en Zoë se ma is nie.

18.3. St. James se getypoel.

18.4. Daar is nie haaie in die getypoel nie.

18.5. Dezi het geleer om meer spontaan op te tree en Lienke het ernstiger geword.

18.6. Hulle sien vir Zoë.

18.7. Zoë koester romantiese gevoelens teenoor die meisie of is verlief op haar.

18.8. Hulle gaan Kalky's toe.

**HOOFSTUK 19**

19.1. 'n Testament verwys na 'n dokument waarin 'n persoon stipuleer wie watter van sy of haar besitting mag erf of wat daarmee gedoen moet word na sy of haar dood.

19.2. Hy het die *Lady Madonna* by die bote se vasmeerplek geskets.

19.3. Danroy en Zoë se ma erf sy stasiewa, sleepwa, al sy goed in sy huis asook die *Lady Madonna*.

19.4. Daar is genoeg geld vir Danroy om animasie te gaan studeer, Zoë sal universiteit toe kan gaan en hulle ma sal nie meer finansieel so erg sukkel nie.

19.5. Toe hy jonk was, het hy op cruise ships gewerk en hy het goeie geld verdien deur die surf-lesse wat hy aangebied het. Hy het al sy geld belê.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

19.6. Sy naam beteken "sterk".

19.7. Danroy gaan die visserskuit tot haar eertydse glorie herstel.

19.8. Hy het iets in haar sak gesit.

19.9. **Leerder se eie antwoord**.

**HOOFSTUK 20**

20.1. Lienke dink aan die blou pakkie in haar strandsak.

20.2. Max dink dat Lienke baie aantreklik ("sexy") is.

20.3. Hulle moet mekaar halfpad (daar is 60 trappe) ontmoet. Hy wil dus sien of sy soveel van hom as wat hy van haar hou.

20.4. Hy vertel haar waar en by wie hy die draadkuns (geskenk) gekoop het. Hy het dus nie dwelms gekoop nie, maar die draadkuns.

20.5. **Leerder se eie antwoord**. (Die leerder moet 'n rede verskaf.)

**HOOFSTUK 21**

21.1. Sy is hartseer omdat sy nie weer vir Ntando gaan sien nie en omdat hulle die volgende dag terugkeer huis toe.

21.2. Dezi-hulle hou elke jaar in Kalkbaai vakansie. (Dit is hulle tradisie.)

21.3. "Hoe gaan sy weer van kaasbroodjies en Oros leef?"

21.4. Hulle gaan vis en skyfies koop en dit saam op die *Lady Madonna* eet.

21.5. Sy gaan vir hulle padkos by ontvangs los.

21.6. Lienke koppel haar naam (Rochelle) met die van "Chell" wat onderaan die briefie geskryf is wat sy gelees het.

21.7. Die geheim is dat Uncle Kaz op Danroy en Zoë se ma verlief was. (Rochelle was dus die groot liefde van Uncle Kaz se lewe.)

21.8. **Leerder se eie antwoord**.

**HOOFSTUK 22**

22.1. Hulle sit in die *Lady Madonna* en gesels. Hulle het vis en skyfies gekoop om te eet.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

22.2. Die groep vriende het so geheg geraak dat hulle hulself nou as ’n “squad” kan beskou.

22.3. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

22.4. **Leerder se eie antwoord**. (Die leerder moet ’n rede verskaf.)

22.5. Sy moet tannie Rochelle se geheim bewaar dat sy en Uncle Kaz lief was vir mekaar.

22.6. Dezi wil ’n lysie maak van alles wat hulle tydens die volgende Aprilvakansie gaan doen.

22.7. **Leerder se eie antwoord**. (Die leerder moet ’n rede verskaf.)

22.8. **Leerder se eie antwoord**. (**Bespreek in die klaskamer**.)

* * *



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## WOORDVERKLARINGS (Sien HAT of TWEETALIGE WOORDEBOEK)

**Hierdie aktiwiteit is veral belangrik vir EAT-leerders.**

| WOORD | BLADSY | VERTALING (ENGELS) [VIR EAT-LEERDERS] | BETEKENIS [Vul die betekenis hier in.] |
|---|---|---|---|
| **pepermeule** | 13 | | |
| **spontaan** | 18 | | |
| **robbe** | 19 | | |
| **tydskrifte** | 19 | | |
| **sonbrandroom** | 25 | | |
| **windgat** | 26 | | |
| **gewillig** | 33 | | |
| **proefkonyne** | 34 | | |
| **leidraad** | 43 | | |
| **luidsprekers** | 47 | | |
| **skinder** | 53 | | |
| **sonnestelsel** | 60 | | |
| **verkeerslig** | 62 | | |
| **kuswag** | 65 | | |
| **rondomtalie** | 74 | | |
| **vyeboom** | 76 | | |
| **mop** | 77 | *Wat is die Afrikaanse woord vir mop? (Afrikaans Huistaal-leerders)* | |
| **weermag** | 81 | | |
| **koevert** | 86 | | |
| **aasvoël** | 89 | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | | | |
|---|---|---|---|
| **vermoede** | **92** | | |
| **toonbank** | **96** | | |
| **stroop** | **97** | | |
| **getypoel** | **99** | | |
| **testament** | **101** | | |
| **spyskaart** | **102** | | |
| **fluister** | **105** | | |
| **draadkuns** | **108** | | |
| **vlegsel** | **114** | | |
| **asyn** | **114** | | |
| **wenslys** | **118** | | |
| **MY EIE WOORDELYS** | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Klasbespreking**: Verskillende generasies hou gewoonlik van verskillende soorte musiek. Dezi se ma en pa hou onder andere van The Beatles. Luister na die volgende lied van The Beatles getiteld "Lady Madonna". https://www.youtube.com/watch?v=uLRiGX3L-kw

   Hou jy van die liedjie? Gee 'n rede vir jou antwoord. **Elke leerder kry 'n kans om hul mening met die klas te deel**.

2. **Voorbereide mondeling**: Suid-Afrika is 'n pragtige land met talle dorpe en stede waar mens vakansie kan hou. In die jeugroman is Lienke en Dezi in Kalkbaai. Wat is jou gunsteling vakansiebestemming en waarom? Indien jy nog nie 'n spesiale plek tydens 'n skoolvakansie besoek het nie, watter plek sal jy graag wil besoek indien jy kon?

3. Jy word gevra om 'n praatjie te lewer oor strandveiligheid. Maak 'n **plakkaat** waarop jy verduidelik wat die **vier verskillende vlae met 'n haai** daarop aangedui (wit, rooi, groen en swart) beteken. (Doen navorsing op die internet indien jy meer inligting benodig.) Die plakkate kan in die klas of in die skool opgeplak word om leerders bewus te maak van strandveiligheid.

4. **Plakkaat**: Ontwerp 'n plakkaat (A3-grootte) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters aanbring. Gebruik sleutelwoorde om elke karakter se **karaktereienskappe** langs die skets / prent aan te dui. Jy kan ook 'n spinnekopdiagram teken en die karaktersketse daarvolgens uitbeeld.

Tafelberg

**VOORBEELD**:

***ANDERKANT DIE BLOU***

**PRENT OF SKETS**

**KARAKTERSKETS – LIENKE SMIT**

- Hoofkarakter.
- Woon in Springs.
- Raak verlief op Max.
- Haar pa is 'n polisieman.

5. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels. **(Dit kan ook via Zoom of MS Teams geskied.)**

6. **Dagboekinskrywing**: Verbeel jouself jy is een van die karakters in die jeugroman. (Lienke, Dezi, Max, Ntando of Danroy) Skryf twee dagboekinskrywings waarin jy vertel wat jy alles gedoen het. Onthou om jou gevoelens en gedagtes so eerlik as moontlik neer te skryf. **(Onderwyser: Die aantal woorde moet aangedui word soos per die KABV vir die vlak [HT of EAT] en graad.)**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

7. **Vir die leesgierige leerder**: Zelda Bezuidenhout het nog 'n klomp jeugromans geskryf. Daag jouself uit en kyk hoeveel van die jeugromans jy kan lees.

| TITEL | KLAAR GELEES? |
|---|---|
|  | |
| 1. Skryf 'n **kort opsomming** oor elke jeugroman. | |
| 2. Watter jeugroman was jou **gunsteling**? Het jy meer van *Anderkant die blou* gehou? **Gee 'n rede vir jou antwoord**. | |
| 3. **Ontleed die voorplat** van elke jeugroman. Waaroor, dink jy, handel die verhaal? Verduidelik. | |

Tafelberg

8. **Onderhoud met die skrywer**: Die skoolkoerant het jou genader om 'n onderhoud met die skrywer, Zelda Bezuidenhout, te voer. Maak 'n lys van die vrae wat jy vir haar sal vra. ('n Minimum van **10 vrae**.)

9. **Ontwerp 'n nuwe voorplat** vir *Anderkant die blou*. Jou ontwerp moet op 'n A4-grootte papier of karton geteken word. Jy mag ook die voorplat op 'n rekenaar ontwerp indien jou onderwyser dit goedkeur. Probeer om die voorplat so te ontwerp dat tieners die jeugroman sal wil lees.

*"'n Storie oor droom en lysies maak.*
*Oor liefkry en seerkry.*
*En die kanse wat jy weer kry, anderkant die blou."*



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie –** ’n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om ’n opinie te vorm, ’n oordeel te vel oor ’n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of ’n aksie

**herlees –** ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin ’n mens dink”
**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

Tafelberg

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BRONNELYS


Bezuidenhout, Z. 2022. *Anderkant die blou*. Kaapstad: Tafelberg.

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: ’n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur ’n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Small, A. 2018 (1962). *Kitaar my kruis*. Pretoria: Protea.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.


Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers